Project name: AL3283

Date of interview: 8 December 2009

Location of interview: Rietfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 2 minutes 4 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Inspector Joppie van Staden

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_VANSTADENJOPPIE_20091208_1

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier en gesels met inspekteur Joppie van Staden. Dis vandag Dinsdag 8 Desember 2009. Joppie, jy was vir jare by die onluste-polisie voordat jy na die bomopruimingseenheid toe gegaan het. Watter jare was jy by die onlusteenheid gewees. |
| Joppie | Van 1980 tot middel 1990. |
| De Wet | Vertel ons 'n bietjie die omstandighede, want julle is gewoonlik, julle was aan die skerppunt gewees van waar daar betogings was, ANC betogings was daai jare en opstande. Vertel ons bietjie hoe het julle dit hanteer en hoe was van die mense wat oortreders was, behandel. |
| Joppie | 1987, begin 1987 was ek in die kollege ons het omtrent Maart/April was daai opstande gewees waar hulle die treine so gebrand het in Joburg. Ons was nog studemte toe was ons al ontplooi soontoe. Nouja, daar was |

| | |
|---|---|
| | nie, dit was nog in die Apartheids-era gewees en hulle het nog nie hierdie menseregte-kak gehad nie. Daar het ons twee maande daar in Johannesburg op die ou John Vorster gebly, gewerk by Soweto self die meeste van die tyd, op die treine gery en dan het ons as hulle ’n hand by ’n treinvenster uitsteek en ons tussen die waens gestaan en met die sambokke ingelê. Plekke derursoek en dit was meestal die ANC wat die oproer veroorsaak het. Ons het hulle baie daar geslaan want daar was daai tyd nog soveel dinge oor die martelding gewees nie |